

Is Jesus by jou werk?

<https://www.facebook.com/notes/die-woord-van-god/is-jesus-by-jou-werk-en-in-jou-lewe-elke-dag/431249328709>

Watter rol speel Jesus in jou lewe? Is Hy net op Sondag jou Vriend wanneer jy kerk toe gaan? Of miskien ook soggens tydens jou stiltetyd? En verder word Hy soos wintersklere in die somermaande in 'n kas weg gepak vir die dag of week?

Erken jy Jesus in jou doen en late? Erken jy Jesus se hulp, leiding en onverdiende liefdevolle goedheid (genade) daagliks? Getuig jy oor Jesus in jou lewe? Getuig jy van Jesus by jou werk? 'n Vriend het onlangs teenoor my opgemerk: "In besigheid is daar nie plek vir politiek en godsdiens nie." Hoeveel ander mense is daar nie wat die pot só mis sit nie; mense wat skaam is vir hulle Christenskap, wat skaam is vir Jesus? Jesus sê in Mattheus 10:32: "As julle My openlik erken voor die mense, sal Ek julle ook openlik erken voor My hemelse Vader. Maar as julle My ontken voor die mense, sal Ek julle ook ontken voor My hemelse Vader." Lukas stel dit effens anders in 9:26: "As iemand skaam is vir My of My boodskap, sal Ek, die Seun van die Mens, My skaam vir hom wanneer Ek terugkeer in My heerlijkheid, en die heerlijkheid van My Vader en die heilige engele."

Jesus se laaste opdrag aan Sy dissipels was: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die Goeie Nuus aan almal, oral." (Markus 16:15), want, sê Paulus, "Dié vir wie nog nooit van Hom vertel is nie, sal sien; en dié wat nog nooit van Hom gehoor het nie, sal verstaan." (Romeine 15:2). As Christen word van jou verwag; nee, dit is jou plig; om jou werk **eerlik** en eties korrek te doen. Tweedens moet jy Jesus se **liefde** uitstraal by jou werk in jou interaksie met kollegas, personeel, kliënte, ens. Derdens, jou werksplek is ook God se werksplek - jy moet Hom "**saamneem**" werk toe en Hom ook toelaat om in en deur jou te werk en sodoende mense te bereik en te verryk met Sy Evangelie-boodskap. Vierdens moet jy **openlik getuig** van Jesus, Hom erken en jou nie skaam omdat jy 'n Christen is nie; moet Hom nie verloën nie en moenie versuim om te praat oor Jesus nie. In die vyfde plek moet jy **bid** en Sy seën en leiding in jou werk vra; dra jou werk op aan die Here – elke dag.

My liewe vriend, as jy waarlik in 'n lewende en gesonde verhouding met Jesus leef, sal jy Hom ken, erken en herken elke oomblik van elke dag. Selfs, en veral, by jou werk. Dan sal en hoef jy nie bang te wees dat jou kliënte hulle besigheid wegvat en die opposisie oorkant die straat ondersteun nie: die Here sal vir jou sorg! Hy sal jou honderd maal meer kliënte en werk gee; Hy sal jou oorvloedig seën!

Jeremia 17:7 - 8: "Maar gelukkig is dié mense wat op die Here vertrou en hulle verwagting in Hom stel. Hulle is soos bome wat langs 'n rivier staan, hulle wortels reik diep tot by die water. Hitte bedreig hulle nie, hulle blare bly groen. Lang maande van droogte pla hulle ook nie, hulle hou nie op om vrugte te dra nie."

As jy besluit om die Here te dien (Josua 4:24: "Ek en my huisgesin sal die Here aanbid"), sal dit natuurlik en vanselfsprekend wees om Hom te ken in alles wat jy doen (Spreuke 3:6: "Vra na die wil van God in alles wat jy doen") en in alle omstandighede van Hom te getuig (Lukas 2:13: "Dit sal aan julle 'n geleentheid gee om te getuig") en dan het jy die sekerheid dat Hy vir jou sorg (Psalm 23:1: "Die Here is my Herder; daar is niks wat my ontbreek nie"). En weet jy wat? Dan sal jy God se vrede beleef, daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan (Fillipense 4:7: "Hierdie vrede is wonderliker as wat 'n mens ooit kan dink") en dan sal jy die woorde van Psalm 73:28 jou eie kan maak: "Maar wat my betref, dit is goed om naby God te

wees! Ek het geskuil by die Here my God, en sal bly vertel van al U wonders." En dan sal jy Sy seën in jou lewe ervaar. Maar indien jy Hom ontken of verloën of jou skaam vir Sy boodskap, sal jy in die donkerte uitgesmyt word en bitterlik huil en van selfverwyd op jou tande kners, want "daar is inderdaad meer genooïdes as uitverkorenes" by die bruilofsfees van die Lam en dié wat nie die regte klerre aan het nie, kan nie saam fees vier nie (Mattheus 22:11 - 14).